# KOMMUNIKAMMA 28 SEPTEMBER

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.**
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 28 September**
**Biddag vir bediening aan die Jode**
**Dr Jurie Vermeulen van Feba Radio lei vandag die eredienste.**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**18:00 LEEF@KERK ('n ruimte vir Graad 8-12 kinders)**

**Skriflesing:** Lukas 18:9-27
**Tema:** Is daar 'n Nobelprys vir godsdienstigheid?

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Feba Radio**

**Maandag 29 September**
**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**Woensdag 1 Oktober**
**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek asb. ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**Vrydag 3 Oktober**
**SKOLE SLUIT**

**05:00 MANNEGROEP**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205)vir meer besonderhede.

**Sondag 5 Oktober en Sondag 12 Oktober**
**09:00 GESAMENTLIKE DIENS**

**GEBEDSAKE:**

- Nuwe groeiseisoen wat voorlê. Vir reën.
- Feba radio.
- Bid vir die kragtige werking van die Heilige Gees, bekering en geestelike groei. Bid vir bediening aan die Jode.
- Buddy van der Merwe wat siek is.
- Vir krag en beterskap vir Anna Coetzee, Susan Dickenson en Betsie du Toit.
- Almal wat besig is met toetse en eksamen en almal wat gelukkig genoeg is om 'n kort vakansie te hou voor ons met die laaste kwartaal begin.
- Oos-Kaaplandse Sinodesitting van 13-16 Oktober.
- Teen misdaad en geweld wêreldwyd en vir die polisie en regstelsel se bekamping daarvan.
- 'n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Midde-Ooste, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. Vir Goddelike ingrype en vrede.

**THERE4-BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**
Bid saam dat die Here harte sal voorberei vir die Woord wat die dames tydens al die byeenkomste sal saai. Bid saam dat hulle werklik bemoedigers en toerusters sal kan wees en dat die Here verheerlik sal word deur hulle teenwoordigheid in **Egipte**.
Die Egipte uitreik wat hierdie week begin.

**FEBA GEBEDSVERSOEK**
FEBA bedien in meer as 150 tale – 'n taak wat eindeloos vergemaklik word deur die beskikbaarheid van Bybelvertalings. Prys God vir Sy voorsiening en bid vir wysheid en geleenthede soos wat vertalers werk om die Bybel te bring aan mensegroepe wat dit nog nooit in hul eie taal teëgekom het nie.

**KRAGGAKAMMA GEMEENTE BIED 'N MIDDAG GEVUL MET ORRELKLANKE AAN**
Datum: Sondag, 19 Oktober
Tyd: 15:00
Koste: Sagte kollekte
Kom deel in klanke en samesang met Ciska Range, Romano Jonathan, prof Albert Troskie, Antonio Lawack, Justin Stone, Matthew Schreiber (student) en Kaya Mali (student).

**KLEINSKOOL BEDIENING**
Ons wil so 10 van Kleinskool se graad 7 kinders in goeie hoërskole vir graad 8 inskryf vir 2026. Hulle moet 'n inskrywingsfooi van R500.00 betaal en R500.00 deur die loop van volgende jaar. Ons het nie op hierdie stadium baie tyd vir inskrywings nie, omdat die proses binnekort sluit. Indien u 'n kind wil borg, kontak asb. so gou as moontlik met Johan Harmse by sel: 082 558 8107.

**FAMILIE KAMP 2025 - DATUM SKUIF**
Die familiekamp sal hierdie jaar op **17-19 Oktober.** Ons is opgewonde dat daar alreeds meer as 20 gesinne ingeskryf het vir hierdie kamp. Vir meer inligting of om in te skryf kontak gerus Yolandi van der Merwe (084 705 2714)

**NUWE LIDMATE**
Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**KERSMARK**
Die gemeente bied op 14 en 15 November 'n Kersmark in die kerksaal aan. Ons is tans besig om stalletjies te verkoop. Stalletjies is beskikbaar teen R 250.00 elk wat 'n tafel en twee stoele insluit. Die inskrywingsvorm is by die kerkkantoor en op die webwerf beskikbaar. Kontak Marisa van Wyk (082 493 6258) of die kerkkantoor vir meer inligting of om jou stalletjie aansoek in te dien.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 28 September | Johan Burger, Charl de Lange, Shanté du Plessis, Helene Herbst, Pierre Horn, Jacques Janse van Rensburg, Elsa Mare, Cecile Meyer, Barbara Ott en Martheli Roets |
| 29 September | Drian Bakkes, Nico Barnard, Frank Capstick, Lize Retief, Liezl van Onselen en Cathy von Wielligh |
| 30 September | Georgia du Plessis, Johan Rossouw, Elzabé Snyman en Liandi Viljoen |
| 1 Oktober | Schalk Kemp, Anika Steyn en Val van der Merwe |
| 2 Oktober | Anna Aucamp, Zak Boshoff, Renee Hough, Charlene Kleinhans, Paul Leon Lourens, Caden Ross, Kyle Rousseau en Yolande van Zyl |
| 3 Oktober | Michael Mc Cleland en Jurg van Onselen |
| 4 Oktober | Graham Banfield, Nicolaas Nell, Ruan Oosthuizen, Miane Saunders, Wiehahn van Onselen, Alouise Vosloo en Brendon Wright |
| 5 Oktober | Hailey du Plessis, Handre Esterhuizen, Diandré Hough, Trezelle Smit en Riette van Loggerenberg |
| 6 Oktober | Phillip de Vos, Lily le Roux, Stéfan Mulder, Claudette Scheepers, Johan Smit, Jané Steyn, Gaynor Swanepoel, Amoré van Onselen en Willem van den Berg |
| 7 Oktober | Yvonne Nell |
| 8 Oktober | Rochelle Barnard, Heinrich Botha, Erna Coetzee, Theuns Conradie en Luca Strydom |
| 9 Oktober | Judie Boshoff, Samantha Fouché, Liesl Hanekom, Erica Keyser, Elizabeth Scheepers en Mariana Strydom. |
| 10 Oktober | Clara Pretorius, Adele Spinks, Jakkie Strydom, Pieter van Loggerenberg, Deidre Venter en Francois Vosloo |
| 11 Oktober | Celia Coetzer en Layla Smith |

***Ons wens tannie Cecile Meyer en Tannie Barbara Ott geluk wat vandag 91 jaar oud word en tannie Anna Aucamp wat op Donderdag 2 Oktober 91 jaar oud word.***

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091,
Takkode 632005